

SEFANJA

Inleiding

Hierdie boek dra die naam van die profeet wie se profesieë volgens oorlewering daarin opgeteken is. Die naam Sefanja beteken ‘die HERE het verberg’.

In die Christelike en Joodse kanons is dit die negende boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*.

Daar is onsekerheid oor wie die skrywer van die boek was. Sefanja het teen die einde van die sewende eeu vC opgetree, waarskynlik kort voor die hervormings van koning Josia in 622 vC. Die profeet of sy volgelinge kon die profesieë opgeteken het.

Aangesien die profeet in Jerusalem opgetree het, was die inwoners van die stad waarskynlik die eerste hoorders van die oordeelsprofesieë. Die eerste lesers van die boek was moontlik Judeërs wat ná die wegvoering in ballingskap (586 vC) in die land agtergebly het.

Met uitsondering van die datering in 1:1 is al die profesieë in die vorm van poësie. Mooi en ritmiese taalgebruik is kenmerkend van die boek. 'n Besondere eienskap van die styl in *Sefanja* is die beklemtoning van 'n saak deur die herhaling van woorde en uitdrukkings uit dieselfde woordveld (vgl bv die gebruik van “uitwis”, “uitdelg”, “uitroei” in 1:2-4).

Die belangrikste tema in *Sefanja* is die oproep tot bekering in die lig van die dreigende katastrofe op die “die dag van die HERE.” Dit geld die inwoners van Juda en Jerusalem (1:2-16; 3:1-8), maar ook ander nasies (1:17 — 2:15). Ná die krisis is daar, op grond van God se genade, 'n nuwe verhouding met Hom moontlik (3:9-20).

Sefanja kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-18 Oordeel op die dag van die HERE

2:1-15 Oordeel oor die nasies

3:1-8 Oordeel oor Jerusalem en die nasies

3:9-20 Beloftes aan die nasies en Jerusalem

1

Opskrif

¹ Dit is die woord van die HERE aan Sefanja, seun van Kusi, seun van Gedalja, seun van Amarja, seun van Hiskia in die tyd van Josia, seun van Amon, koning van Juda.*

Oordeel op die dag van die HERE

² “Ek gaan beslis alles
van die aardbodem af uitwis,^a”
is die uitspraak van die HERE.

³ * “Ek gaan mens en dier uitwis.
Ek gaan die voëls van die hemel
en die visse in die see uitwis —

* **1:1 Josia ... Juda:** 2 Kon 22:1 — 23:30; 2 Kron 34:1 — 35:27

^a**1:2 uitwis:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* **1:3** Hos 4:3; Matt 13:41

ook die struikelblokke^{*}

en die goddeloses.^b

Ek gaan die mensdom uitdelg

van die aardbodem af,”

is die uitspraak van die HERE.

⁴“Ek gaan my hand teen Juda

en al die inwoners

van Jerusalem

uitstrek.

Ek gaan uit hierdie plek alles

wat van Baäl^c oorgebly het,

uitroei,

die name van die afgodsdienaars,

asook die priesters.^{*}

⁵ * Ook diegene wat op die dakke

voor die hemelligame

neerbuig;

diegene wat neerbuig,

wat by die HERE 'n eed sweer

én ook by hulle koning^d

'n eed sweer;^{*}

^{*}**1:3 struikelblokke:** Sef 1:5-6

^b**1:3 struikelblokke ... goddeloses:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^c**1:4 Baäl:** 'n Kanaänitiese vrugbaarheidsgod wat veral vereer is omdat geglo is dat hy die reën beheer; vgl 1 Kon 17:1; 18:1,21.

^{*}**1:4 Ek gaan uit ... priesters:** 2 Kon 23:4-6,12; 2 Kron 34:3-5

^{*}**1:5** Deut 4:19

^d**1:5 koning:** Sommige vertaal “Milkom”; dit verwys na die afgod Molek.

^{*}**1:5 diegene wat neerbuig ... sweer:** 1 Kon 11:5,7,33; 2 Kron 23:13

⁶ diegene wat van die HERE af
weggedraai het,
hulle wat die HERE nie opsoek nie
en Hom nie raadpleeg nie.”

⁷ Wees stil voor my Heer, die HERE,^{*}
want die dag van die HERE is naby.^{*}
Ja, die HERE het 'n offer voorberei;
Hy het sy genooies geheilig.

⁸ “En op die HERE se offerdag
gaan die volgende gebeur:
Ek gaan afreken met die leiers,
met die koning se seuns
en almal wat uitlandse klere
dra.

⁹ Ek gaan op daardie dag
afreken met elkeen
wat oor die drumpel spring,^{*}
wat die huis van hulle heersers^e
met geweld en bedrog vul.

¹⁰ “Op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE,
“klink daar 'n noodkreet
uit die Vispoort,^{*}

^{*}1:7 Wees ... Heer, die HERE: Hab 2:20; Sag 2:13

^{*}1:7 want ... naby: Jes 13:6; Eseg 30:3

^{*}1:9 oor ... spring: 1 Sam 5:5

^e1:9 heersers: Dit kan verwys na konings of afgode.

^{*}1:10 Vispoort: 2 Kron 33:14; Neh 3:3; 12:39

'n gekerm uit die nuwe stadsdeel,^{*}

'n groot gekraak uit die heuwels.^f

¹¹ Weeklaag,

inwoners van die markdistrik,^g

want al die handelaars

het stil geword;

almal wat silwer afweeg,

is uitgeroei.

¹² In daardie tyd gaan dít gebeur:

Ek gaan Jerusalem

met lampe fynkam,

Ek gaan afreken met die manne

wat verdik op hulle droesem,^{h*}

wat in hulle hart sê,

die HERE doen nie goed nie

en Hy doen nie kwaad nie.*

¹³ *Hulle rykdom gaan buit word

en hulle huise sal verlate staan.

Hulle gaan huise bou,

***1:10 nuwe stadsdeel:** Vgl 2 Kon 22:14

^f**1:10 heuwels:** Dit het hier heel moontlik die konnotasie van afgodsaanbidding.

^g**1:11 markdistrik:** Kan ook vertaal word “vysel”. Dit verwys moontlik na 'n deel van Jerusalem wat in 'n kom lê en waar die mark geleë was.

^h**1:12 verdik ... droesem:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebraëuse idioom. Dit verwys waarskynlik na die traak-my-nieagtige houding van mense, wat hier vergelyk word met wyn wat te lank op die droesem lê en dan onbruikbaar word.

***1:12 wat verdik ... droesem:** Jer 48:11

***1:12 wat in ... kwaad nie:** Ps 10:4; 94:7; Jer 5:12

***1:13** Deut 28:30-33; Am 5:11; Miga 6:15

maar nie daarin woon nie;
hulle gaan wingerde plant,
maar nie die wyn daarvan
drink nie.

¹⁴ “*Naby is die groot
dag van die HERE,
naby en baie vinnig
aan die kom.

Luister! Die dag van die HERE!
Dan skreeu die held bitterlik!*

¹⁵ *Daardie dag is 'n dag van toorn,
'n dag van benoudheid en kwelling;
'n dag van verwoesting
en vernietiging,
'n dag van donkerte en duisternis,
'n dag van digte en dreigende wolke,
¹⁶ *'n dag waarop die ramshoring
en oorlogskrete
oor die versterkte stede
en oor die hoë hoektorings
weergalm.

* **1:14** Joël 2:11; Am 1:15; Sef 1:7

* **1:14 Dan ... bitterlik:** Jes 42:13

* **1:15** Joël 2:2

* **1:16** Joël 2:1

¹⁷ “ⁱEk gaan die mensdom
in die noute bring,
hulle sal soos blindes voortstrompel,
want hulle het teen die HERE
gesondig.
Hulle bloed sal uitgegiet word
soos stof,
hulle ingewande soos uitwerpsel.

¹⁸ * “Nóg hulle goud, nóg hulle silwer
sal hulle kan red
op die dag van die toorn
van die HERE.
In die vuur van sy drif
sal die hele aarde verteer word;
ja, 'n gruwelike verwoesting
bring Hy
oor al die aardbewoners.”

2

Oordeel oor die nasies

¹ Kom byeen,
kom bymekaar, skaamtelose nasie,^j
² * voor die bestemde tyd aanbreek

ⁱ1:17 Deut 28:29; Jes 59:10; Klaagl 4:14

*1:18 Eseg 7:19; Sef 1:2-3; 3:8

^j2:1 skaamtelose nasie: Die • Septuagint word hier gevolg. Letterlik ‘nasie wat nie verlang nie’.

*2:2 Sef 3:8

— 'n dag vergaan soos kaf! —
voordat die HERE se gloeiende
woede julle inhaal,
voordat die dag van die HERE
se woede julle inhaal.

³ *Soek die HERE, al die nederiges
van die land
wat sy opdrag uitgevoer het.
Soek geregtigheid,
soek nederigheid;
miskien vind julle 'n skuilplek
op die dag van die HERE
se woede.*

⁴ *Want Gasa gaan verlate lê
en Askelon gaan 'n woesteny word.
Asdod sal helder oordag
uitgedryf word
en Ekron^k sal ontwortel word.

⁵ Wee julle, Kretensers,
inwoners van die kusstreek!
Die woord van die HERE
is teen julle.
Kanaän, land van die Filistyne,
“Ek sal jou vernietig, tot daar
geen inwoners oor is nie.”

*2:3 Ps 105:4; Am 5:4,6

*2:3 Soek geregtigheid ... woede: Jes 57:15

*2:4-7 Jos 13:1-3; Jes 14:28-32; Jer 47:1-7; Eseg 25:15-17; Am 1:6-8; Sag 9:5-6

^k2:4 Gasa ... Ekron: Vier Filistynse stede; •Pentapolis.

⁶ Die kusstreek sal vir skaapwagters
weivelde wees
en vir kleinvee krale.

⁷ Die streek sal behoort aan
die oorblyfsel van die huis
van Juda;^{*}
hulle sal daar wei en saans
in Askelon se huise gaan lê;
want die HERE, hulle God,
sal vir hulle sorg
en hulle lot verander.^{*}

⁸ “Ek het die gespot van Moab^{*}
gehoor,
die skeldtaal waarmee
die kinders van Ammon^{*}
my volk spot
en op hulle grondgebied neersien.¹

⁹ “Daarom, so seker as wat Ek leef,”
is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte, die God van Israel,
“Moab sal soos Sodom word
en die kinders van Ammon
soos Gomorra: ^{*}

^{*}2:7 die ... Juda: Sef 2:9; 3:12-13,20

^{*}2:7 want ... verander: Ps 14:7; Sef 3:20

^{*}2:8 Moab: Num 22:3-4; Jer 48:1-47; Eseg 25:8-11; Am 2:1-3

^{*}2:8 Ammon: Jes 15:1 — 16:14; Jer 49:1-6; Eseg 25:1-7; Am 1:13-15

¹2:8 en op ... neersien: Letterlik ‘en hulle groot hou teenoor hulle grondgebied’.

^{*}2:9 Sodom ... Gomorra: Gen 19:1-29; Deut 29:23; Jes 1:9-10; 13:19

'n gebied oortrek met onkruid,
vol soutputte,
'n onherbergsame plek vir altyd.
Die oorblyfsel van my volk*
sal hulle stede^m plunder
en die res van my nasie
sal hulle gebiedⁿ
as erfdeel verkry.”

¹⁰ Dit is wat hulle verwaandheid
oor hulle gebring het,
hulle het immers die volk
van die HERE,
Heerser oor alle magte,
gespot en op hulle neergesien.*

¹¹ Vreesaanjaend sal die HERE
vir hulle wees;
Hy het immers al die gode
van die aarde laat wegkwyn.
So sal dan elke bewoner
van al die eilande,^o
elkeen vanuit sy woonplek,
diep voor Hom neerbuig* —

*2:9 Die ... volk: Sef 2:7

^m2:9 stede: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie.

ⁿ2:9 gebied: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*2:10 gespot ... neergesien: Sef 2:8

^o2:11 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

*2:11 So ... neerbuig: Ps 22:30; Dan 7:14

¹² *^p“Ook julle, Kussiete,^p
wat deur my swaard
deurboor is.”

¹³ Hy sal sy hand teen die noorde
uitstrek en Assirië vernietig;^{*}
Hy sal Nineve^q 'n verlate plek maak,
dor soos 'n woestyn.^r

¹⁴ *Troppe vee, allerhande diere
sal daar gaan lê,
bontkraaie en uile
sal op die pilare oornag
en hulle geluide sal deur
die vensters weerklink.
Puin sal op die drumpel lê,
ja, die sederhout sal rondlê.

***2:12** Jes 18:1-7; Eseg 30:4-5

^p**2:12 Kussiete:** Inwoners van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

***2:13 Hy ... vernietig:** Jes 10:5-18; 14:24-25

^q**2:13 Nineve:** Die hoofstad van Assirië geleë op die oostelike oewer van die Tigrisrivier.

^r**2:13 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***2:14** Vgl Jes 13:20-22; 34:13-15

¹⁵ Dít is wat sal word
van die uitbundige stad
wat so kommervry leef,
wat in haar hart sê:
Ek is die een, niemand anders nie.*
Hoe verlate is sy, 'n lêplek vir diere.
Elkeen wat daar verbyloop,
sal fluit en sy hande saamslaan.^{s*}

3

Oordeel oor Jerusalem en die nasies

¹ Wee die gewelddadige stad,
so vuil en besoedel!
² Sy^t het na geen stem geluister nie,
geen teregwysing aanvaar nie.
Op die HERE het sy nie vertrou nie,
tot haar God het sy nie genader nie.
³ Die hoë amptenare in die stad
is brullende leeus,
haar regters is nagwolwe
wat niks tot die oggend
laat oorbly nie.
⁴ Haar profete is vermetel,
verraderlike mense,

*2:15 Dít ... anders nie: Jes 22:1-2; 47:8,10

^s2:15 fluit ... saamslaan: Dit is simboliese handeling wat verbasing en leedvermaak aandui.

*2:15 Elkeen ... saamslaan: Jer 18:16; 19:8; 49:17; Klaagl 2:15

^t3:2 Sy: Jerusalem word in die •bronteks as 'n vrou voorgestel.

haar priesters ontheilig wat heilig is,
en doen die wet geweld aan.

⁵ Die HERE is regverdig in die stad,

Hy doen geen onreg nie.

Oggend na oggend gee Hy

sy beslissings as die lig,^u

dit ontbreek nooit nie;

maar die goddelose

ken geen skaamte nie.

⁶ “Ek het nasies uitgewis,

hulle hoektorings

staan verlate.

Ek het hulle strate in puin gelê —

niemand loop daar nie.

Hulle stede lê verwoes —

sonder mense, sonder inwoners.

⁷ Ek het gedink,

jy sal beslis vir My ontsag hê,

jy sal die teregwysing aanvaar.

Dan sou haar woonplek

nie verwoes word nie —

alles wat Ek oor haar bepaal het.

Maar nogtans was hulle ywerig

om net slegte dade te bly doen.

⁸ Daarom moet julle My verwag,”

is die uitspraak van die HERE,

^u3:5 Oggend ... lig: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

“daardie dag as Ek opstaan
vir die buit.

Want my beslissing is:
om nasies te versamel
en koninkryke
bymekaar te maak,
om my verontwaardiging,
al my gloeiende toorn,
oor hulle uit te giet;^{*}
want deur my vurige drif
sal die hele aarde verteer word.

Beloftes aan die nasies en Jerusalem

⁹“Ja, daarna sal Ek weer
volke se lippe rein maak,
sodat almal die HERE se Naam
aanroep,
en Hom skouer aan skouer dien.

¹⁰ Van anderkant die riviere van Kus^v
sal hulle wat My aanbid,
wat Ek verstrooi het,
offers aan My bring.

¹¹ Op daardie dag
sal jy jou nie skaam
oor al jou dade
waarmee jy teen My

^{*} **3:8 om my ... te giet:** Op 16:1

^v **3:10 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

in opstand gekom het nie,
want dan sal Ek
jou hoogmoedige grootpraters
uit jou midde verwyder.
Jy sal nie langer selfvoldaan wees
op my heilige berg nie.

¹² Ek sal in jou midde 'n nederige
en arm volk laat oorbly,
en hulle sal in die HERE se Naam
skuiling vind.

¹³ Die oorblyfsel van Israel
sal nie onreg doen
en leuens vertel nie;
'n bedrieglike tong
sal nie in hulle mond
te vinde wees nie.*
Ja, hulle is diegene wat sal wei
en gaan lê,
sonder dat iemand hulle die skrik
op die lyf jaag.”

¹⁴ Jubel van vreugde,
dogter van Sion,^w
roep dit uit, Israel!
Verbly en verheug jou
met jou hele hart,
dogter van Jerusalem!

*3:13 en leuens ... wees nie: Op 14:5

^w3:14 dogter van Sion: In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

¹⁵ Die HERE het die oordele oor jou afgewend,

jou vyande uit die weg geruim.

Die Koning van Israel, die HERE,

is in jou midde;*

jy sal geen onheil meer vrees nie.

¹⁶ Op daardie dag sal vir Jerusalem gesê word:

“Moenie vrees nie, Sion;

Moenie dat jou moed

jou begewe nie.^x”

¹⁷ Die HERE jou God is in jou midde,

'n held wat verlos.

Hy verheug Hom met blydskap

oor jou,

Hy maak jou stil met sy liefde.

Hy sal met uitroepe van vreugde

oor jou jubel.”

¹⁸ “Die getreur by die fees

sal Ek van jou af wegneem,^y

dit is 'n las op jou, 'n skande.

¹⁹ Kyk, Ek sal dan afreken met almal

wat jou in daardie tyd

verdruk het.

***3:15 Die Koning ... midde:** Joh 1:49

^x**3:16 Moenie dat ... begewe nie:** Die Hebreeuse idioom lui “Moenie jou hande laat slap hang nie.”

^y**3:18 Die getreur ... wegneem:** Die bronteks is moeilik verstaanbaar en kan ook anders vertaal word.

Ek sal die verlamdes verlos,
en hulle wat uitmekaar gejaag is,
bymekaar maak.

Ek sal hulle roem en aansien gee
in elke land waar hulle verneder is.

²⁰ In daardie tyd sal Ek julle

laat kom,

terselfdertyd sal Ek julle

bymeekaarmaak.

Ja, Ek sal vir julle

onder al die nasies op aarde

aansien en roem gee

wanneer Ek julle lot voor julle oë

verander,” sê die HERE.